

ARB-uitbetaling laat beleggers se oë blink



BINNEKRING

Dit is interessant dat vele van die kleinkapitaalmaatskappye wat die JSE in die noteringsopbloei van 2006 tot 2008 met groot swier en fanfare betree het, tans noustrop trek. Dit terwyl ander wat 'n meer beskeite toetrede gehad het, stilweg en heel voorspoedig voortgaan.

Die geskiedenis wys dat noteringsbloei op die JSE geneig is om kwantiteit eerder as kwaliteit te lewer. Daar is egter altyd 'n handjie vol uitmuntende maatskappye wat ook tydens die opwinding van 'n oplewing hul weg na die JSE vind.

Ek hou party van die sterker kandidate noukeurig dop, soos Afrimat, Universal Industries Corporation, Buildworks Group, MiX

Telematics en Wescoal Holdings. Ek het vandeeweek ook die spesialis-elektronikagroothandelaar ARB Holdings raakgesien.

ARB was Donderdag (wat 'n besonder flou dag op die mark was) 9% hoër op 262c nadat sy resultate vir die jaar tot einde Junie bekend gemaak is.

Met die eerste oogopslag sou 'n mens nie sê die resultate is beson- ders nie.

Die omset van R1 miljard en voorbelaste wins van R115 miljoen was albei laer, wat verwaterde ver- dienste 5% laer as die vorige jaar teen 29c gelewer het.

Dis egter veel beter as die tussen- tydse resultate toe verdienste meer as 20% laer was.

Selfs meer bemoedigende nuus is dat ARB daarin geslaag het om sy bruto winsmarge in die tweede helfte van die jaar te verstewig, wat die marge vir die volle boekjaar op

18,4% te staan bring teenoor 17,5% verlede jaar.

Sake is nie maklik in die ekono- miese omstandighede nie, veral waar nuwe oornames ingeskakel moet word, maar die bestuur moet gelukkig wens word met uitstekende werk om marges te vergroot.

Aangesien ek veral kontantvloei noukeurig dophou, is dit gerusstel- lend dat ARB se kontantomset- koers uitstekend vertoon. Die R115 miljoen wat as voorbelaste wins aangegee word, word deeglik weerspieël in die kontantvloei van R116 miljoen uit bedryfsbedrywighede.

Wat ARB egter regtig guns by die mark laat wen het, is waarskynlik die maatskappye se dividendbeleid.

In 'n mark waar ek dink daar meer klein maatskappye is wat reg- te-uitgifte oorweeg as klein maat- skappye wat dividende betaal, is dit verstemmend om 'n maatskappye te

sien wat sy uitbetalings opskuif. 'n Mens kan natuurlik redeneer dat 'n versigtiger dividendbeleid eerder raadsaam sou wees, gedag- tig aan die praatjies oor 'n dubbel- loopressie, negatiewe nagevolge van die Wêreldbeker-sokkertoer- nooi, ensovoorts.

Maar met inagneming van die sterk kontantskepping en 'n geson- de balansstaat sonder hefboom- finansiering, lyk dit geregverdig dat die ARB-direksie die jaarlikse dividendbeleid aangepas het vanaf 'n maksimum uitbetaling van een derde van nabelaste wins tot 40% van die nabelaste wins.

Dis fantasties vir ARB-aandeel- houers. Hulle sal 'n dividend van 11,5c per aandeel vir die jaar tot ein- de Junie ontvang en daarby ook 'n kapitaalverminderingsoorkering van 13,5c per aandeel. Ja, dis inder- daad 'n uitbetaling van 25c per aan- deel.

Beleggers wat teen die einde van 2009 ARB-aandeel gekoop het, kry 'n aantreklike opbrengs van 13%. Die laatslapers wat Donderdag by- gekom het, ontvang 'n billike 9,5%.

Die vasstelling van 'n jaarlikse dividendkoers van 40% maak van die maatskappye 'n gawe opbrengs- vooruitsig, veral as verdienste in die nuwe boekjaar bly groei.

En hoewel 'n mens nie kan ver- wag dat ARB gereeld ruim kapi- taalverminderingsoorkerings sal doen nie, is daar 'n gerusstellende kontantbedrag van meer as R260 miljoen, wat op sowat 110c per aandeel neerkom.

'n Groot deel van die kontant kan sekerlik vir oornames aange- wend word, en dit lyk in die huidige klimaat na 'n sterk moont- likheid. Ek wonder nogal of ARB vir South Ocean Holdings, met 'n markkapitalisasie van R280 mil- joen, sou oorweeg.

